

15 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 34:1-31

Al neem mense so maklik reg in eie hande laat God tog reg geskied

Toe Sigem vir Dina verkrag het, het hy sekerlik nie gedink dat dinge só sou eindig nie. So gaan dit dikwels met sonde. Dit sit 'n reeks gebeurtenisse aan die gang waarvan die uiteinde soms droewig is.

Jakob se seuns het rede gehad om woedend te wees. Dit was heeltemal reg dat hulle graag geregtigheid wou laat geskied, maar die manier waarop hulle dit gedoen het, was verkeerd. Net soos hulle pa vroeër in sy lewe, het hulle reg in eie hande geneem. Dit gebeur so baie dat kinders hulle aan dieselfde sondes as hulle ouers skuldig maak.

Jakob se seuns het bybedoelings gehad toe hulle gesê het dat Sigem en sy mense besny moes word. Hulle het dit as 'n geleentheid gebruik om wraak te neem en meer buit in die hande te kry. Dit wys hoe maklik mense godsdienstige redes vir eie gewin kan misbruik.

Al het Jakob se seuns verkeerd gedoen, het God tog hulle misdaad gebruik om Israel te bewaar van vermenging met die Kanaäniete. In sy genade bewerk Hy goed uit die kwaad.

Christus het nie kwaad met kwaad vergeld nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel. Hy het self die oordeel namens ons gedra. Deur die kruisiging van Jesus het God met die sonde afgereken, terwyl die finale afrekening met Jesus se wederkoms gewaarborg is. Daarom is dit nie vir ons nodig om te vergeld nie. Eiegeregtigheid kan net die verskriklike gevolge van die sonde vererger.

Sing: Psalm 33:3

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)